

Hoërskool Florida

STIGTINGSDATUM: 1944
LEUSE: ONS DIEN GETROU
ADRES: H/V LOUIS BOTHA- EN HAVENGASTRAAT, FLORIDA, JOHANNESBURG
WWW.FLORRIES.CO.ZA

FNB

Skoolgeskiedenis

Op 30 September 1944 is 'n hoeksteen op die hoek van Louis Botha- en Havengastraat gelê. Dit was die begin van Hoërskool Florida. Twee jaar later het dit 'n dubbelmedium-skool met 345 leerlinge en 'n personeel van 15 geword. In 1961 was dit weer 'n Afrikaansmedium-skool.

Die skool se skild is ontwerp deur Hennie Potgieter, wat ook die graveerwerk op die Voortrekkermonument gedoen het. Teen 1955 was daar 635 leerlinge en 'n personeel van 28. Florida se derde hoof, PDA le Roux, het in 1968 oorgeneem. Gedurende sy lang verblyf, tot 1989, is baie vermag.

Florries Rugby

Florida het 'n trotse rugbygeskiedenis. In die laaste tyd het die skool besonder goed gevaar. In 2001 het hulle vir die Super-16 gekwalifiseer. Hulle het twee jaar agtereenvolgens die finaal van die "groot skole"-afdeling om die Beeld-trofee bereik. In 2006 het Florida Waterkloof in die halfeind geklop, maar teen Affies in die finaal verloor. In 2007 was hulle weer in die finaal, maar hierdie keer het Waterkloof die beste daarvan afgekom. Vandag klop Florries die tradisionele rugbyskole in en om Johannesburg gereeld, en al hoe meer oudleerlinge woon hul wedstryde by – veral die groot wedstryde soos dié teen Waterkloof. Die junior spanne vaar besonder goed, wat dui op baie goeie vooruitsigte.

Verskeie Florries het vir SA Skole gespeel: Harry Viljoen (1976-1977), Leon Bartmann (1978), Wahl Bartmann (1981) en Marthinus Ferreira (2000). Wahl Bartmann het 'n prominente provinsiale speler geword, en vir Transvaal en Natal gespeel. Hy het in agt toetse gespeel – van 1986 tot 1992. Harry Viljoen was in 2000 Springbokbreier. Heelwat Florries is vir SA Akademie-spanne gekies: Marnus van Huysteen, Duncan Witbooi, Wesley Scott en Ruan Basson. Florida speel heelwat groot derbies teen Pretoriase en Johannesburgse skole, maar die belangrikste is teen Monument en Roodepoort.

Die Hoërskool Florida kan net van krag tot krag gaan. Hy beskik oor meer as 250 spelers, en stoot elke Saterdag soveel as 16 spanne op die veld. Skip Viljoen, die huidige 1ste-span breier, meen dat Elton Jantjies dit ver sal bring. Hy het van Paarl Gimnasium opgedaag nadat sy pa verplaas is. In 2007, terwyl hy maar in graad 11 was, het hy vir die Goue Leeus se o.19-span gespeel. Aan die einde van die seisoen het hy drie trofees ingeoes – vir die beste agterlynspeler, die meeste drieë, en die meeste punte in een seisoen. Met sy uitmuntende breiers en al hoe groter prestasies is Florida 'n skool vir die toekoms.

"Nie te lank gelede nie het ons koppe bymekaar gesit in 'n poging om Florida se rugby te verbeter. Die harde werk het ons nou begin loon, want tans kry ons van oral seuns, selfs van so ver as George. Dis omdat hulle goeie rugby by 'n goeie skool wil speel. Baie van hulle verlaat Florida met goeie beurse by top-universiteite. Ek dink dis fantasties dat 'n skool hierdie geleenthede aan sy leerlinge kan bied."

— Skip Viljoen (1ste-span breier)

Internasionaal

Suid-Afrika:
Wahl Bartmann